

Dinsdag 27 Julie

Skrifgedeelte: Hooglied 7:10 – 8:7

Fokusgedeelte: Hooglied 8:6-7

Smeking van die bruid om die seëling as waarmerk en koestering van die vlam van vurige liefde

Hooglied beskryf in sy slothoofstukke afsluitend verder die innige liefdesband tussen Salomo en sy bruid. Sy versoek innig (8:6a) dat hy haar soos 'n seëling op die hart en aan die arm sal dra. Mans het destyds seëlinge aan 'n bandjie gedra waarmee hulle onder meer kontrakte verseël en bekragtig het. Die bruid se motivering vir haar versoek (8:6b-7a) is dat die liefde sterker as die dood is, dat die hartstog magtiger as die doderyk is; 'n gloed, “*n vlam van die HERE*” (1933/'53-vertaling). Selfs waterstrome kan dié vuur nie blus nie.

Nuwe-Testamenties besien vanuit die huweliksmetafoor, is die versoek van die bruid haar verlange en verwagting dat haar Bruidegom sal kom. Sy wil verseker en gekoester wees in die liefdesvuur wat sterker as die dood is. Die bruidskerk roep die Bruidegom, in Wie God wat liefde is, met sy volle wese woon, om verseker te kom. Hy is die Hoof van die liggaam, die kerk. Hy is die Een wat sterker as die dood is en daaruit opgestaan het. Dit is Hy deur Wie God alles, in besonder die bruidskerk, met Homself versoen het (Kol. 1:18-20). Sy oorwinnende opstanding is vir ons die betroubare waarborg van ons salige opstanding (HK So 17).

Die bruidskerk leef vandag te midde van allerlei onsekerhede tog moedig uit die allesoortreffende sekerheid van én die verlange na die koms van die Bruidegom. Daarin word sy bygestaan deur die Heilige Gees wat haar lei en laat verlang na die wederkoms.

Haar Bruidegom sê dat Hy gou kom! (Op. 22:7, 20) En die Gees en bruid antwoord: “Kom tog gou, o Here!”

Sing: Skrifberyming 7-2:1, 2

Dr. JP Bingle (Johannes) (Emeritus)